Enkellopend in God se familie

1 Korintiërs 7:25-35

Inleiding

- Trinitas is ‘n verloste familie diensknegte wat gestuur is.

- Ons het hierdie kwartaal oor baie aspekte van familie gepraat
  - Vandag praat ons oor een van die kleiner boublokke:
  - Enkellopendes in die geloofsfamilie

- Dit help nie ons praat oor
  - die gesondwees en missie van die groter familie in Jesus,
  - as die boublokke waaruit ons bestaan,
  - nie ons gesondwees en missie in Jesus Christus verstaan en vind nie.

- Vandag gaan ons fokus op
  - hoe dissipels van Jesus dink oor
  - enkelopend-wees as
    - ongetroude,
    - geskeide,
    - weduwee
    - of wewenaar.

Agtergrond en konteks: Korinte se vrae

Dit was presies een van die goed waaroor die kerk van Korinte ook vrae gehad het. Hulle het vir Paulus ‘n

klomp vrae gevra oor allerhande aspekte van die lewe. Hulle was eers ongelowig en nou Christene en wou verstaan hoe Jesus se koningskap elke deel van hulle lewens raak: ook hulle verhoudings.

In 1 Korintiërs 7 lees ons hieroor. Die eerste deel tot by vers 24 gaan veral oor huwelike. Maar vers 25-35 praat veral oor ongetroudes. Mense wat vir verskillende redes enkellopend is.

Ons gaan vanoggend saam ontdek dat:

- Om getroud of enkellopend te wees is nie een beter as die ander nie
- Jesus se koninkryk gee ‘n groter prentjie om oor onsself te dink
- Wat dit prakties kan beteken vir jou lewe as enkellopende.

Nie een beter as die ander

In vers 25 hoor ons dat Paulus hier sê dat hy nêrens ‘n spesifieke en oorspronklike uitspraak/opdrag van Jesus het wat gaan oor enkellopendes nie. Dis maar wat hy met daardie sin bedoel. Maar hy praat steeds met dieselfde gesag as iemand wat deur Jesus gebruik word.

En die basiese ding wat hy vir enkellopendes, en ook sommer al die res, sê in v 26-28 is: Bly soos jy is. Moenie dink dat jy nou skielik iets anders moet word omdat jy

nou ook 'n Christen is nie[1]. Want dit was mos hulle hoof vraag: "Wat moet ons anders doen met ons verhoudings noudat ons Christene is?" En sy antwoord is: niks!
En... voeg hy by... as jy wel uiteindelik trou is dit ook nie verkeerd nie.

Wat sien ons hier?! Nie een van die twee opsies: getroudwees of enkellopend wees is meer 'reg' as die ander vir Christene nie. Die een is nie meer 'Christelik' nie. Daar is nie 'n 'reg' of 'verkeerd' as jy hieroor dink nie. Albei is 100% geldige toestande vir Christene om in te wees.

Maar tog het baie mense om ons ander idees. Idees wat nie regtig Bybels is nie maar wat Christene maklik oorneem en uiteindelik baie skade kan maak.

Daar is basies twee.
Die een idee verafgod dit om getroud te wees, die ander verafgod dit om enkellopend te wees.

Om getroud te wees is vir jou 'n afgod as jy oortuig is dat dit die enigste geldige manier van bestaan is waarin jy betekenis en waarde kan hê. Jy voel in jou hart dat als reg sal wees en die probleme van jou lewe sal verdwyn... as jy net daardie iemand kan ontmoet en trou – asof Jesus nie die een is wat als regmaak wat jy oor jouself voel nie.

[1] As hy hier praat oor opsies vir egskeiding sluit hy aan by 7:12 waar hy gepraat het oor mense wat nie Christene was toe hulle getrou het nie, later het een tot geloof gekom en waar die ongelowige dan wil skei.

En jy kan ook sien hierdie idee lewe in ‘n gemeenskap wanneer mense jou so half met ‘n jammerkry aankyk as jy 30 is en nog nie getroud nie. Of na die dood van jou man of vrou nie weer wil trou nie. Asof daar êrens fout is... ag siestog.
‘n Huwelik is dan eintlik nie meer iets wat vir jou of so gemeenskap na God se genade en liefde in Jesus wys nie (Ef 5)[2], dit het begin gaan oor mense wat genade en liefde in ‘n ander mens soek of dit eers waardig moet wees.

Die ander valse idee is omtrent die teenoorgestelde. Mense besef huwelike is nie so maklik nie en nou word onafhanklikheid weer die hoogste doel. Wie kan die langste uithou voor hulle gevang word. Hou maar eers jou opsies oop om seker te wees jy maak die beste moontlike vangs vir jou. Jy moet eers jou loopbaan vestig, jou sekuriteit en geld verseker en als doen en kry wat jy wou uit die lewe --- voor jy die risiko van ‘n huwelik durf aanpak.
Jou vrede en identiteit lê in wat jy as individu sonder enige ‘drawbacks’ uit die lewe kan kerf – nie in God wat vir jou ‘n lewe en vrede in Christus uitkerf om mee te woeker vir Hom nie.

Terwyl die Bybel sê nie een is meer reg as ‘n ander nie – is dit óns soekende harte wat óf die een óf die ander wil verafgod terwyl God elkeen nuttig in die wêreld wil gebruik.

[2] Sien preek van 31 Mei 2015 in Trinitas.

Hoe kan Christene dan hieroor dink op ‘n manier wat ons oë op Jesus hou en keer dat ons nie enige kant van die perd afval nie en nuttig is vir God?

Dink vanuit die groter prentjie

Wel, dit begin by hoekom Paulus voel dat hierdie dinge nie ons lewens te sterk moet beheer nie. Hy noem dit drie keer. In v 26,28,29. Dat die tyd min en moeilik is.

As hier verwys word na ‘tyd’ wat ‘min’ en ‘moeilik’ is, gaan dit oor die afwagting wat Christene het oor Jesus se komende koninkryk. Ja, Jesus het al een keer gekom om te sterf aan die kruis vir mense se sonde en op te staan. Daarmee het sy koningwees oor alles en almal begin deurbreek. Maar dit is nog nie 100% bevestig nie. Die Bybel leer dat Jesus weer finaal gaan kom om als af te handel en sy koninkryk 100% gaan geld (Matt 25). ‘n Hele ander wonderlike nuwe tyd wat kom.
Ons is nou in hierdie tussentyd van reeds begin, maar nog nie 100% wat dit bedoel is om te wees nie.

En hierdie feit maak dat Christene vanuit ‘n groter prentjie oor hulleself behoort te dink in alle opsigte van die lewe.

Dis hoekom Paulus in vers 29 sê: As jy getroud is moet jy eintlik lewe as iemand wat nie getroud is nie. As jy hartseer is asof jy nie hartseer is nie. As jy bly is asof jy nie bly is nie. As jy iets gekoop het asof jy dit nie besit nie. As jy met die dinge van ons samelewing besig is stoei, asof jy dit nie doen nie.

Want, sê vers 31, "hierdie wêreld soos ons hom ken is aan die verbygaan." Soos 'n sandkasteel wat jy gebou het gaan 'n golf kom en dit als wegneem.

Dit beteken ons kan trou, enkellopend bly, koop en verkoop en bly wees en hartseer wees.
Maar Christene doen dit altyd in die lig van 'n baie beter toekoms.
As jy nou geld het, moenie daaraan vasklou nie want dis niks in vergelyking met wat kom nie.
As jy nie geld het nie, moenie in sak en as wees nie want dis niks in vergelyking met wat kom nie.
Wees hartseer – maar dinge gaan beter regkom as wat jy kan droom (Rom 8:18)
Wees bly – maar dis niks in vergelyking met wat kom nie.

En dis uit hierdie plek wat Christene anders kan kyk na getroud wees of enkellopend wees. Om nie in een van hulle te soek wat net in Jesus te vinde is nie.

Christene sien raak wat hulle in Christus het as die ware Bruidegom, 'n bruilofsees wat nog kom en sien uit na 'n ewige familiewees saam met God in die toekoms.

Al jou diepste behoeftes vir, vriendskap, aanvaarding, intimiteit, sekuriteit, waardering en sorg sal op daardie dag vervul wees – meer en dieper as wat jy kan hoop.
As jy nie bloed familie het nie – moenie dat dit jou breek en jou nutteloos los om vir Jesus te lewe saam met die res van jou geloofsfamilie nie. Soos wat Paulus

hier sê moet enkellopendes besef dat hulle baie meer tyd en geleenthede het as wat getroudes ooit sal hê. As jy 'n huwelik en familie het, moenie dat dit Jesus oorskadu terwyl dit eintlik net na Jesus moes wys nie.

Dit is hoe dinge regtig agter die skerms werk. En om só daarna te kyk bring vir Christene nou al bevryding. Andersins word hierdie kwessies maklik iets wat jou hele bestaan oorneem, jou lamlê en nutteloos los vir die Here om produktief te gebruik. Al wat oorbly is jy wat in jou eie seer en pyn en verwagtings verbitter word.

Praktiese implikasies

Dit bring 'n paar praktiese implikasies vir getroudes en enkellopendes.

Getroudes – hou op om enkellopendes te verpes en te laat voel daar is fout met hulle. Deur alewig mense aan hulle te wil voorstel of te vra of hulle nou al iemand ontmoet het. Julle bedoel dit dalk nie so nie, maar wees uit liefde sensitief vir wat jy impliseer. Hulle het tyd en geleenthede om jou Here te dien wat jy nie het nie. Eer hulle daarvoor en moedig hulle eerder aan. Moet ook nie so in jou huwelik vaskyk, dat jy die Jesus waarheen dit behoort te wys, miskyk nie.

Enkellopendes – Pas jou hart op. Jou waarde en nut is in Jesus wat jou duur gekoop het met sy bloed aan die kruis, nie in die hê van 'n lewensmaat nie of in wat jy vir jouself uit die lewe kan kerf nie. Om te trou is nie verkeerd nie. Maar om enkellopend te wees ook nie.

Sien die ekstra geleenthede raak wat jy wel het om die Here te dien saam met jou geloofsfamilie en sien uit na die oorvloed wat kom.

Die vraag onder alles is dít: Is Jesus se offer in die verlede en sy koms in die toekoms vir jou so regtig-egtig dat dit nou al jou uitkyk en keuses op hierdie manier vorm?
Dit is 'n vraag vir ons almal om oor te dink oor meer dinge as net of jy getroud of enkelloped is. Die groter prentjie van 'n ewige toekoms laat ons anders kyk na elke sekond, elke rand en elke keuse, na elke vreugde en hartseer, na elke geleentheid op ons pad.

Slot
Trinitas is 'n verloste familie diensknegte wat gestuur is.

Om getroud of enkellopend te wees is nie een beter as die ander vir ons nie.
Jesus se koninkryk gee 'n baie groter prentjie vir ons om oor onsself te dink
Dit verander baie prakties hoe ons almal mekaar ondersteun en die tyd en geleenthede wat Jesus vir ons in elke opsig van ons lewe gee – ten volle uit te koop.

Trinitas is as familie gestuur in Vanderbyijl... om mense 'n voorsmaak en hoop te gee van 'n toekoms wat kom saam met die res van God se familie.
Amen

Griffel van Wyk ~ Trinitas ~ 21 Junie 2015
Met erkenning aan gedagtes van Tim Keller